Publication: Rapport (Gauteng), Second Edition
Date: Sunday, February 28, 2021
Page: 9

# Meesterlike rompslomp

## ■ Regslui raadop oor wanbestuur by hof se kantore als vertraag

**Johan Eybers**

Die afhandeling van boedels is in 'n krisis gedompel weens geweldige agterstande, wanbestuur, korrupsie en bedrog by meesterskantore en omdat die *Staatskoerant* al vier weke nie gepubliseer is nie.

"Die meesterskantore se dienste het basies tot stilstand gekom," sê die Johannesburgse prokureur Michael Dansky.

Louis van Vuren, uitvoerende hoof van die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika (Fisa), sê sowat 70% van die agterstande is by die meesterskantore in Johannesburg, Pretoria en Kaapstad.

"Dienslewering by meesterskantore is nou al jare lank onder druk en Covid-19-regulasies het dit vererger," sê hy.

"Fisieke toegang word deur Covid-19-regulasies bemoeilik en van ons lede kla dit is feitlik onmoontlik om toegang te kry tot sekere meesterskantore. E-posse en telefone word glad nie beantwoord nie.

"Sommige personeel dring aan om met gewone pos te kommunikeer en op oorspronklike hardekopiedokumente waar dit nie wetlik vereis word nie."

Weens gebrekkige inligtingstegnologie doen personeel verder min of geen werk as hulle nie op kantoor is nie, sê Van Vuren.

"Daar is personeel wat op eie onkoste data gebruik om wel ná ure en wanneer hulle nie op kantoor is nie werk gedoen te kry."

Die meesterskantore mag nog net 50% van hul personeel op 'n keer op kantoor hê. Covid-19-sterftes het 'n bykomende knelpunt met bestorwe boedels veroorsaak.

Van Vuren sê die probleem word vererger omdat dit onmoontlik is om boedels in die *Staatskoerant* te adverteer soos wetlik vereis word. Die *Staatskoerant* het weens "tegniese probleme" nog nie weer sedert 29 Januarie verskyn nie.

Sihle Ngubane, waarnemende bedryfs-en-produksiebestuurder van die Staatsdrukker, het Woensdag in 'n brief gesê dié instelling kan die *Staatskoerant* vir wetlike kennisgewings nie nou publiseer nie weens probleme met die grootte en vorm daarvan. "Ons is steeds nie in staat om dit te publiseer nie en ons kan nie sê op watter datum dit weer gepubliseer sal word nie," lui die brief.

Die spesiale ondersoekeenheid (SOE) het 'n jaar gelede met 'n ondersoek begin na wanbestuur, korrupsie en bedrog in meesterskantore oor die land heen.

> "E-posse en telefone word glad nie beantwoord nie.

Dansky sê hy tree onder meer vir 'n blinde vrou op wie se eiendomsbelastingrekening reeds R200 000 beloop omdat sy nie beheer kan verkry oor die eiendom uit 'n bestorwe boedel nie. Hy sê die enigste manier dat sy die rekening kan betaal is as sy die eiendom verkoop.

Sy kan dit nie doen nie, want hy wag al sedert Desember 2019 vir die meesterskantoor om 'n eksekuteursbrief uit te reik.

In nog 'n geval sukkel Dansky al twee jaar om 'n eksekuteursbrief te kry om die boedel van 'n vrou af te handel wat geen lewende familielede in Suid-Afrika het nie. "Ek het verskeie briewe vir die meester van die hooggeregshof in Johannesburg geskryf. Die meester het die sake na sy personeel verwys, maar niemand het daarna gereageer nie."

Clive Hendricks, voorsitter van die Kaapse Prokureursvereniging, sê hulle is verlede jaar oorval met klagtes van prokureurs en die publiek oor agterstande en gebrekkige toegang tot die meesterskantoor in Kaapstad.

Hy het in Desember met die meester vergader en sedertdien is daar 'n verbetering in die uitreiking van regsdokumente deur dié se kantoor.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.